Nota vir die TOESIGHOUER

Lewenswetenskappe onderwysers moet hierdie dokument saam met die toesighouer(s) in die 45 minute voor die aanvang van die eksamen deurgaan.

Die toesighouer(s) moet die volgende assesseer en aanteken op die rubriek wat voorsien word.

- **Volg instruksies:**
  Die vier proefbuise moet A, B, C en D gemerk word.
- **Proefbuisinhoud:**
  Dieselfde volume van die monster moet in al vier proefbuise voor die kandidaat wees. Die volumes moet almal op dieselfde vlak wees.
- **Aanteken van temperatuur:**
  Die kandidaat moet albei hierdie stappe uitvoer om die punt te verwerf:
  - Die kandidaat moet die termometer in Proefbuis A plaas.
  - Die kandidaat moet sy/haar oog op dieselfde vlak hou waarop die temperatuur op die termometer afgelees word. Die kandidaat moet nie na die lesing vanuit 'n hoek kyk nie. Die Lewenswetenskappe onderwyser moet die toesighouer(s) wys hoe dit korrek gedoen word, voordat die manipulasiepunte aangeteken word.

Die toesighouer(s) moet die rubrieke wat voorsien word asook die Instruksies aan Onderwysers en Laboratoriumtegnici gebruik om die manipulasiepunte aan te teken. Die toesighouer(s) moet **óf die 0 óf die 1 in ELKE geval omkring en die totale punt uit 3 aanteken.**

Bv.

KRITERIA		
Volg instruksies	0	1
Inhoud van proefbuis	0	1
Aanteken van resultate	0	1
TOTAAL		**(3)**

Wanneer die kandidate aan die einde van die eksamenperiode die eksamenskrifte inhandig, MOET die toesighouer(s) hierdie 3 punte op die voorblad van die skrif oordra.

IEB Copyright © 2017